COURT : We will excuse him for the afternoon.

MAMOLEKO LILLIAN NYEMBE, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Die vergadering van 26 Augustus 1984 wat u bygewoon het, voor dit toe u daarvan gehoor het, waar het u van die vergadering gehoor? -- Dit was gedurende my reis in 'n bus waar passasiers gepraat het.

Is dit daar gemeld wie die vergadering georganiseer (10) het? -- Nee, dit was nie gemeld nie.

Het jy nie belang gestel wie organiseer so 'n vergadering nie? -- Die passasiers het met mekaar daar gepraat in my nabyheid binne hoorafstand. Dus het ek gehoor terwyl hulle met mekaar daar gepraat het.

Dit is nie 'n antwoord op my vraag nie? -- Was u vraag nie dat ek nie gehoor het dat die mense melding maak wie die persoon is wat hierdie vergadering organiseer nie?

Ek het vir jou gevra het jy nie belang gestel om uit te vind wie hierdie vergadering georganiseer het nie? -- Hoe (20) kon ek belang gehad het om te weet wie hierdie organiseerder was, want ek het vir die eerste keer daar gehoor van so 'n vergadering en hier praat vreemdelinge. Ek het nie een van hulle geken nie. Ek het net besluit ek sal maar by die vergadering hoor wat daar gebeur het.

Waaroor sou hierdie vergadering gegaan het? Waaroor sou dit gehandel het? -- Die R5,90 van die verhoging was die hoof wat hulle moes bespreek het daar.

Was dit 'n protesvergadering gewees of was dit maar net een wat gewoonweg die R5,90 sou bespreek? -- Dit was 'n (30)

vergadering/...

vergadering gewees wat die R5,90 se geval sou bespreek het.

Sou dit 'n protesvergadering gewees het of nie? -- Protes teen wat?

Teen die verhoging van R5,90? -- Ja, van die R5,90.

Jy het die vergadering bygewoon omdat jy alreeds ontevrede was voordat jy nog na die vergadering toe gegaan het? -- Ja, ek was ook nie tevrede nie.

En dit hoewel jy self nie R5,90 hoef te betaal nie? -- Bedoel u voor ek na die vergadering toe was?

Ja? -- Ja.

(10)

En al die mense wat die vergadering bygewoon het het gegaan om te gaan protesteer teen hierdie R5,90 verhoging? -- Ja.

En jy was kwaad gewees alreeds toe jy na die vergadering toe gegaan het? -- Ja, dit het my kwaad gemaak.

As ek so na jou getuienis luister wat jy hier gegee het omtrent hierdie vergadering, dan is dit korrek om te sê dat jou geheue is glad nie goed oor hierdie vergadering se gebeure nie? -- Dat my geheue nie goed is nie?

Ja? -- Van wat binne-in die vergadering gebeur het? (20)

En gesê is? -- Ek onthou van wat daar gebeur het.

Maar jy onthou nie goed nie? -- Ja, van die goed kan ek nie meer so goed onthou nie, want dit is lank gelede wat dit gebeur het.

En jy kan nie vir die hof sê wat die mense in werklikheid gesê of nie gesê het nie? -- Ja.

In jou getuienis het jy gesê dat die voorsitter het opgestaan en aan julle die agenda gegee van wat bespreek gaan word? -- Ja.

Kan jy nog onthou wat was die agenda wat hy vir julle (30)

gegee/...

gegee het wat bespreek moet word? -- Ja, ek onthou dit.

Wat was die agenda? -- Die voorsitter het gesê ons kom hier praat oor die verhoging van R5,90 en sê toe verder dat daar verkiesings gehou gaan word wat betrekking het op gebied 3 en hy sê toe dat sekere persone sal toesprake lewer en dan na daardie sprekers sal die vergadering oop verklaar word vir enigeen wat iets wil sê.

Toe hy gesê het 'n verkiesing sal gehou word vir gebied 3, het hy gesê dat dit 'n wyk is dan van VCA wat verkies sal word? -- Hy het nie so gesê nie, maar na aanleiding van wat (10) daar gesê was aangaande hierdie organisasie, het ek aanvaar dat dit moontlik die geval was.

En toe hy gesê het dat die R5,90 bespreek sal word, het hy gesê dat julle gaan planne bespreek van hoe om te reageer teenoor die verhoging van R5,90? -- Dit het hy genoem in sy openingsopmerkings omdat mense daaromtrent gekla het in die sin dat hy wou gehoor het wat die gemeenskap daaromtrent sê aangesien hulle so baie daarvoor gekla het.

En dat hulle moet planne maak wat hulle gaan doen? -- Ja, maar hy het geen melding gemaak van planne wat gedoen kan (20) word nie. Dit het van die gehoor af gekom.

Die ander aspek, jy sê hy het die name van die sprekers genoem en gesê waaroor hulle toesprake sal lewer op die vergadering? -- Hy het nie spesifiek persone se name genoem nie. Wat hy gesê het was dat hy sekere name van persone sal roep en daardie persone sal hy roep as sprekers. Hy het nie onmiddellik die name daar genoem en gesê hierdie man of daardie persoon met so 'n naam gaan 'n spreker wees nie. Wat ek net nie kan sê nie is of hy nou die mense se name op 'n papier geskryf gehad het en of hy net die mense se name (30)

in sy geheue kon onthou het.

Jy sien, ek het jou getuienis verstaan dat jy gesê het vir die hof dat hy het die name van die sprekers genoem? -- Nee, ek het gesê hy sal mense op name roep.

Toe die eerste spreker gepraat het, die ou man, het hy sy naam gegee? Dit is nou die voorsitter? -- Ek kan nie meer onthou of die naam aan ons deur hom bekend gemaak was of nie, maar hy was h spreker gewees na hy geroep is.

Ons kan dit aanvaar, maar ek vra nou vir jou spesifiek het hy sy naam genoem toe hy die eerste spreker voorgestel (10) het, die ou man? -- Kyk, as h persoon geroep word as h spreker, sal die persoon op sy naam geroep word, maar wat ek sê is dat ek kan nie meer onthou of dit aan ons bekend gemaak was wie die persoon is, dit wil sê wat hy is in die gemeenskap nie.

Was dit aan julle gesê dat hy is van h sekere gebied en dat hy sal h toespraak lewer oor die VCA? -- Nee.

Die vrou wat gepraat het, kan jy onthou of haar naam genoem is en of enige vrou gepraat het met die naam van Rina Mokoena? -- Van die vroumense wat daar toesprake gelewer (20) het of iets te sê gehad het, onthou ek, maar hierdie naam, of dit nou die naam was van een van hulle, kan ek nie onthou nie. Dit kan wees dat daar miskien een met daardie naam geroep was.

Kan jy onthou dat gesê was dat een van die vrouens dan sou praat namens h vroue-organisasie, Vaal Organisation of Women? -- Is dit nou die vroue-organisasie waarvan u praat?

Ja? -- Ja, die vroumense het daarvan gepraat.

En die vrou wat gepraat het namens Vaal Organisation of Women, het sy die vrouens gevra daar hulle moet aansluit (30)

by/...

by die organisasie? -- Ja, hulle het.

Kan jy ook onthou dat die vrou gesê het hulle moet verenig en dan moet die vrouens saam met die mans die strydstry teen hierdie huurverhogings en die raadslede? -- Nee.

Kan jy onthou of daar 'n vrou was met die naam van Olifant wat gepraat het? -- As ek reg is, het ek alreeds gesê dat die vroumense wat daar iets te sê gehad het se name was nie aan my bekend nie.

Hoeveel vrouens het daar gepraat? Is dit net twee? -- Drie. (10)

Die drie vrouens wat gepraat het, het hulle uit die gehoor uit gepraat of was almal of van hulle op die verhoog? -- As ek reg onthou het die vroumense sitplekke gehad op die verhoog.

Al drie van hulle? -- Ek kan nie meer so goed onthou of dit al drie van hulle was nie, maar daar was van hulle op die verhoog.

Was die drie vrouens bymekaar waar hulle gewees het op die verhoog? -- Ek het dit nie opgelet nie, alhoewel ek nou hier vir die hof sê dat hulle daar van die verhoog af opge-(20) staan het om te praat.

Jy sien, hoekom ek vir jou hierdie spesifieke ding vra, die verdediging op 'n vraag van hulle, toe jy verduidelik het oor die "bulk buying", het jy gesê die drie vrouens het bymekaar gestaan, jy kon die een se organisasie nie noem nie en toe het jy gesê sy het by die ander twee gestaan, toe het jy aanvaar hulle is van dieselfde organisasie wat "bulk buying" doen? -- Ja, dit is so.

Waar het hulle gestaan nou? -- Op die verhoog.

Het hulle daar gestaan vandat jy by die vergadering (30)

aangekom/...

aangekom het en ingegaan het? -- Met my aankoms daar, het ek nie spesifiek opgelet waar die vrouens was nie. Ek het eers bewus geword van die vrouens se teenwoordigheid op die verhoog daar toe hulle begin praat het as sprekers, dat hulle op die verhoog was en bymekaar by die verhoog is.

Was hulle daarso - laat ek dit so vir jou stel, het enige van die vrouens na jou in die saal ingekom? -- Ek het nie opgelet nie.

Want jy sien, ons het getuienis dat die een vroue-spreker, die een wat heel eerste gepraat het, wie se naam Rina (10) Mokoena is, het laat opgedaag en toe sy inkom is sy sommer direk geroep om te kom praat? -- Ek betwis nie daardie getuienis indien daar sulke getuienis is nie, want ek het nie die persone geken nie. Ek kan nie sê of hulle my daar gekry het nie. Ek praat van wat ek gesien het wat gebeur het met die vroumense waarvan ek bewus geword het.

Maar is dit nie so dat jy moes opgelet het toe die vrou inkom en hulle roep haar daar en sê sy moet kom praat en sy kom en sy kom praat nie? Dan moes jy dit mos gesien het? -- As gevolg van die manier waarop die mene daar die vergadering(20) binne gekom het, dat hulle met klompe daar ingekom het en sitplekke ingeneem het by verskillende plekke, kan dit wees dat sy daar binne-in gekom het en geroep was en dat ek nie daarvan bewus geraak het nie.

Maar nou verstaan ek jou getuienis nie, want jy het gesê toe jy daar opgedaag was was die saal vol. Iemand anders het opgestaan en vir jou plek gemaak? -- Al is dit so, daar was mense wat later opgedaag het en toe plekke geneem het. Hulle het nie noodwendig gaan sit nie, maar hulle het op verskillende plekke gaan staan. (30)

Nou/...

Nou verander jy dit weer. Is dit reg?-- Oor wat?

Het hierdie mense ingekom in groepe en gaan sit of het hulle net enkelinge ingekom en gaan staan? -- Mense het daar opgedaag waar hulle mekaar miskien gevolg het, drie mense op 'n slag of vier mense op 'n slag afhangende van hoeveel in daardie tyd ingekom het.

En waar het hulle gaan staan? -- Hulle het op hulle voete gestaan en teen die mure geleun.

Kan jy onthou dat 'n persoon voorgestel was of die naam genoem was van Petrus Malindi? -- Ek kan nie meer die (10) persoon onthou nie.

As ons vra dat jy kyk na beskuldigde nr. 5 hier by die hof, sal jy kan sê of jy nou kan onthou of dit hy was?

HOF : Sal hy opstaan, asseblief? -- Ek het die persoon al gesien daar. Ek weet net nie wat sy naam is nie.

Gesien waar? -- By die vergadering van die 26ste het ek hom gesien.

MNR. JACOBS : Waar het jy hom gesien? By die vergadering nou, watter plek in die vergadering? -- Toe hy gepraat het van die verhoging. (20)

Het hy gepraat van die verhoog af? -- Hy het gepraat, ja.

Voor hy gepraat het, het hy daar op die verhoog gesit? -- Dit is wat ek nie opgelet het of hy daar gesit het voor hy praat nie. Ek kan nie sê of hy nou van die verhoog af gepraat het direk waar hy gesit het en of hy van die gehoor se kant af gekom het na die verhoog toe nie.

Kan jy onthou toe hy voorgestel is dat dit deur die voorsitter gesê is dat hy sal namens die jeug praat en die jeug se aandeel in die stryd wat daar gevoer word? -- Nee, dit het ek glad nie gehoor dat dit genoem is nie. (30)

Kan jy onthou of hy enigsins voorgestel was daar aan die gehoor? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.

Kan jy vir ons sê waaroor het hy gepraat? -- In sy toespraak het hy melding daarvan gemaak dat hy die vorige dag, dit wil sê die 25ste, by 'n vergadering was te gebied 13.

Ja? -- Waar die vergadering die resoluëie geneem het dat op die 3de 'n wegbly-aksie daar gaan wees asook dat die R5,90 nie betaal gaan word nie, maar die gewone huur sal betaal word sonder die byberekening van die verhoging.

Kan jy enigiets verder onthou wat hy gesê het? -- As (10) ek reg is, is dit al wat hy gesê het.

Kan jy onthou of hy enigiets gesê het dat ouers en die jeug moet saam staan? -- Nee, hy het nie so gesê nie.

Jy sê hy het glad nie so gesê nie? -- Ek onthou nie alles wat hy gesê het nie. Wat ek daarby bedoel is dat ek kan nie onthou dat hy so gesê het nie.

Kan jy onthou of hy enigsins gepraat het oor raadslede per se, raadslede self? -- Nee, ek onthou nie.

Kan jy onthou of enige van die sprekers daarso oor raadslede per se gepraat het, raadslede self? -- Ja, daar (20) is 'n persoon wat van raadslede gepraat het.

Watter spreker was dit gewees? -- Die spreker wat gepraat het oor die raadslede is die een wat 'n voorbeeld gemaak het van Ratanda se raadslede.

Wat het hy gesê van raadslede behalwe om raadslede as 'n voorbeeld van Ratanda te gebruik? -- Wat hy gesê het is dat as hierdie raadslede nie in staat is om die werk uit te voer nie, hoekom doen hulle nie soos die raadslede van Ratanda wat bedank het nie.

Het hy enige mosie voorgestel in daardie verband? -- (30)

In/...

In verband met wat nou?

In verband met raadslede dat hulle moet bedank en daar na die voorbeeld van Ratanda verwys is? -- Hy self het nie h voorstel gemaak nie. Daar was wel mense gewees wat later ook gepraat het, wat eintlik wat hy gesê het gestaaf het.

Wat se mense is dit? -- Wat later gepraat het?

Is dit uit die gehoor uit of is dit mense op die verhoog? -- Dit was van die gehoor af.

En het hulle net gesê hulle bevestig wat hierdie persoon gesê het oor Ratanda of het hulle uitgebrei en gepraat oor (10) raadslede? -- Die mense het byvoorbeeld gesê vir die raadslede om te bedank sal dit nodig wees vir ons om nie by die winkels van die raadslede te gaan koop nie, sodat hulle dan ook dieselfde voorbeeld wat gemaak was deur die vorige spreker kan volg, met verwysing na Ratanda se raadslede.

Kan jy onthou wie is dit wat so gesê het? Ek sal dit vir jou makliker maak. Was dit h man of h vrou wat so gesê het? -- Ek kan nie meer onthou of dit h manspersoon was of h vrouspersoon was nie.

Is dit al wat jy kan onthou wat gesê is oor raadslede (20) op daardie vergadering? -- Ja, dit is wat ek onthou.

Ken jy die woorde "puppets" en "sell-outs"? -- Ek onthou dat daar wel sulke woorde gebesig was, maar ek het nie geweet wat die betekenis daarvoor was nie.

Ten opsigte waarvan was hierdie woorde gebesig? -- Ek sal sê dit was ten opsigte van die raadslede, want dit was woorde gewees wat daar gebesig was.

Deur wie? -- Deur die mense wat die vergadering bygewoon het.

Is dit net h afleiding wat jy maak of het mense direk (30) gesê/...

gesê die raadslede is "puppets" en "sell-outs"? -- Die woorde was gebesig gewees deur die mense in hierdie vergadering, mense wat ek nou nie kan onthou wie hulle was nie, maar soos ek sê, dit was in die vergadering gebruik.

Maar jy kan nie sê wie was so genoem nie? -- Ek het nie geweet wie die persoon is wat so genoem word nie.

Kan jy onthou of die persoon wat oor die Bybel gepraat het aanvanklik en VCA, die eerste spreker, het hy net een keer gepraat of meer as een keer? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar as my geheue my nie in die steek laat nie, het (10) die persoon nie net een keer gepraat nie.

Hoeveel keer het hy gepraat sal jy sê? -- Ek onthou spesifiek van die een keer wat hy gepraat het en na hy gaan sit het, is ek nie meer seker of ek weer gesien het dat hy praat nie, of hy wel gepraat het en ek dit nie opgelet het nie. Ek kan nie sê nie.

Kan jy vir ons sê wat het hy vir die vergadering gesê omtrent VCA? -- Bedoel u die ou man?

Ja? -- Hierdie ou man het met die volgende daar gehandel. Dat daar probleme was by 'n sekere skool met die naam van (20) Isokwazi, waar daar sekere kinders nie toegelaat was vir herregistrasie nie, as gevolg waarvan hulle as ouers bymekaar gekom het en die owerhede daar genader het en same-sprekings gevoer het wat dan gelei het tot die herregistrasie van die kinders en toe gesê dit is dinge waarvoor VCA handel.

Het hy gesê of VCA dit gedoen het of wat het hy gesê? -- Wat hy gesê het was die manier waarop hierdie ouers bymekaar gestaan het en mekaar gesteun het, is die manier waarop die VCA dit sou gedoen het om sulke probleme opgelos te kry.

So, met ander woorde, as ek jou reg dan verstaan (30)

sou/...

sou VCA se optrede as 'n voorbeeld gebruik word dat VCA wilmense verenig? -- Ja.

Verenig om wat te doen? -- Om mekaar te help.

En die raad en raadslede te beveg? -- Nee, nie om die raadslede te beveg nie.

Kan jy onthou of beskuldigde nr. 5 meer as een keer gepraat het of het hy net een keer gepraat? Die man wat netnou gestaan het? -- O, is hy nr. 5?

HOF : Ja? -- Dat hy gepraat het?

MNR. JACOBS : Ek vra vir jou kan jy onthou of hy net een(10) keer gepraat het en of hy meer as een keer op daardie vergadering gepraat het? -- Hy het op een geleentheid gepraat.

Is jy daarvan beslis seker? -- Dat ek seker is is omdat hulle nie twee keer opgestaan het nie. 'n Persoon het klaar gepraat en dan aan ander mense ook 'n beurt gegee.

As daar getuienis was waarin beweer was dat hy ook 'n antwoord gegee het op die vraag omtrent die taxi's wat met klippe gegooi kan word, wat sal jy daarvan sê?-- Toe die vraag ontstaan het oor die taxi's, as my geheue reg is, die mense heel agter het daarop geantwoord. Ek kan nie (20) onthou dat hy van voor af geantwoord het nie.

Sê jy dan die vraag wat geantwoord was oor die huurmotors was geantwoord agter uit die saal? -- Die vraag oor die taxi's kan ek nie meer onthou of dit beantwoord was deur mense agter in die saal en of dit deur mense op die verhoog beantwoord was nie.

En die vraag omtrent die mense wat sou beseer word en wat van hulle kinders sou word, wie het dit beantwoord? -- 'n Ander persoon het daardie vraag beantwoord, wie se naam ek nou nie kan onthou nie.

(30)

Was hy voor op die verhoog of agter in die saal gewees?
-- As ek nog reg onthou stel ek my voor dat daardie persoon
voor was.

Op die verhoog? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.
Ek het wel 'n antwoord gehoor. Dit het lank gelede gebeur.
Ek kan nie meer sê wat presies daar gebeur het nie.

Kan jy onthou, in beantwoording van hierdie vrae vanuit
die gehoor of enigiemand daar 'n aanhaling uit 'n Bybel gemaak
het om dit te antwoord? -- Ek weet nou nie meer so goed
nie. Dit kan wees dat dit so gewees het, maar ek kan nie (10)
meer onthou nie.

Kan jy onthou of enigiemand in antwoord op 'n vraag
aangehaal het uit die Bybel uit? -- Die vraag is nie vir my
duidelik nie.

Ek vra in beantwoording van hierdie vrae, enigiemand
wat 'n vraag daar geantwoord het, wat gevra was uit die
gehoor uit, het hy uit die Bybel aangehaal toe hy die antwoord
gegee het op die vraag? -- Ek kan nie onthou dat daar so 'n
persoon was nie. Ek kan wel vir die hof sê dat ek weet van
'n persoon wat 'n Bybel genoem het in sy toespraak, nie in (20)
antwoord op 'n vraag nie. Dit kan ek nie onthou nie.

Kan jy vir die hof sê of jy kan onthou of enigiemand
op daardie vergadering gesê het dat die mense moet nie laf-
aards wees nie en as die vergadering 'n besluit geneem het
dan moet hulle dit deurvoer ten volle? -- Ek kan nie meer
so goed onthou of daar 'n persoon is wat daarvan gepraat het
nie.

Kan jy onthou op hierdie vergadering of daar enige besluit
geneem was dat net sekere voertuie op 3 September toegelaat
sou word om te beweeg in die swartwoongebied van die Vaal?(30)

-- Ja, ek onthou dit.

Is daar so 'n besluit geneem? -- Ja.

Wat is besluit wat se voertuie sou toegelaat word om te beweeg? -- Die ambulanse en polisievoertuie.

Was dit verder dan besluit ook dat geen ander voertuie sou toegelaat word in daardie woonbuurte om te beweeg, soos huurmotors en busse nie? -- Ja, wat gesê was was dat daar 'n versoek gerig gaan word aan die huurmotoreienaars en die buseienaars vir hierdie betrokke dag.

En as hulle nie gehoor gee aan die versoek nie, hoe (10) sal hulle verhoed word om te beweeg? -- Die resolusie van hulle met betrekking tot die voertuie genoem, dit is die busse en die huurmotors, was nie dat hulle iets sal doen om dit te verhoed indien die versoek nie aanvaar word nie. Die rede daarvoor was dat die mense wat hierdie voertuie bestuur woon ook in hierdie woonbuurte.

Hoekom is daar besluit sal daar net toegelaat word dat ambulanse beweeg? -- Dit is omdat hulle in gedagte gehou het dat in die hospitaal het 'n mens pasiënte wat kos nodig het. Dus die kok moet beskikbaar wees vir kos en daar is (20) mense wat siek is daar, wat mediese behandeling benodig het. Dus die verpleegsters sal teenwoordig moet wees.

Is dit korrek as ek dit aan jou stel dat dit was ook voorsien dat hierdie mense wat moontlik beseer kan word, soos jy dit hier gestel het op 3 September, dat die ambulanse daar moet wees om hulle te vervoer as daar mense beseer word? -- Nee, nee, dit is nie so nie. Die ambulanse was toegelaat vir die doeleindes van die verpleegsters.

Is dit al? Net vir verpleegsters? -- Dit was verpleegsters, polisie en die kok van die hospitaal.

(30)

Het/...

Het hulle spesifiek besluit oor die kok van die hospitaal?
-- Toe hierdie resoluëie geneem was, het dit al die werknemers van die hospitaal ingesluit. Met die gevolg dat ek aanvaar het dat die kok ook daarby ingesluit is.

HOF : Is die kok vir u die belangrikste persoon in die hospitaal? -- Ja, kyk, daar is mos siek mense in die hospitaal wat kos wil hê.

MNR. JACOBS : Wat van siek mense wat hospitaal toe moet gaan daardie dag, wat sou van hulle word? -- Hulle sou in staat gewees het om hospitaal toe te gaan, want ons het (10) wel 'n versoek gerig aan die vervoermense, maar hulle het opereer.

Daardie tyd het jy nie geweet hulle gaan opereer nie?
-- Nee, maar dit is na aanleiding van u vraag. U vra my wat van die mense wat siek was wat die dag hospitaal toe wou gegaan het. Ek sê dit was nie verpligtend vir die mense dat daar nie vervoer moet wees nie, want selfs hierdie dag was daar vervoer gewees. Daar was voertuie wat beweeg het. So, met die gevolg, wie ook al wat siek was wat hospitaal toe wou gegaan het, sou gebruik gemaak het van daardie (20) vervoer.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wie bedoel u as u sê "ons het 'n versoek gerig aan die vervoermense, maar hulle het geopereer"?
-- Ons het besluit om versoeke te rig aan die huurmotor-eienaars asook die buseienaars.

Maar ek weet nou nie of ek die antwoord wat u gegee het verkeerd neergeskryf het nie, maar ek het geskryf "Ons het wel 'n versoek gerig aan die vervoermense"? -- Ek is bewus van daardie meervoud wat ek gebruik. Ons, in die vergadering, het die resoluëie aanvaar dat daar 'n versoek gerig moet (30)

word/...

word aan die huurmotoreienaars en die buseienaars. So, met "ons" meen ek die vergadering, almal daar teenwoordig.

MNR. JACOBS : Wie moes hierdie versoek rig? Julle het nou so besluit? -- Ek weet nie wie dit sou weggeneem het, of dit gaan rig het nie.

Het julle nie vir iemand spesifiek volmag gegee of vir 'n organisasie volmag gegee en gesê hulle moet optree nie? -- Daar was niemand wat ons gewys het as 'n persoon wat die versoek sal gaan rig nie. Uit my eie, wat in my gedagte aangegaan het, is dat ek aanvaar het dat miskien die (10) voorsitter 'n persoon sal uitwys om die versoek te gaan rig.

En die verdere besluit was geneem op daardie vergadering dat al die mense in die Vaal nie daardie dag moes werk toe gaan, 3 September nie? -- Nee, dit het nie 'n betrekking gehad op die hele Vaal nie. Dit het net te doene gehad met ons gebied waar ons hierdie besluit geneem het.

Met watter gebied? -- Sebokeng, die gebiede soos genoem. 7, 11, sover as 14 en ander gebiede van Sebokeng.

Sebokeng, Tsirela ... -- Ek het nie van Tsirela gepraat nie. (20)

Sê dan weer? -- Sebokeng, gebiede 7, 11, 14 en ander gedeeltes van Sebokeng.

Watter ander gedeeltes nou? -- Sebokeng is van gebied 7 tot 14. Dit is die gebiede wat 'n mens daar kry.

En die mense van gebied 3 en daardie omgewing? -- Ek het gepraat van Sebokeng as geheel. Die geheel van my sluit in gebied 3.

Wat van Evaton? -- Ek kan nie meer onthou wat Evaton betref wat daarvan sou geword het nie, want Evaton vorm nie 'n gedeelte van Sebokeng nie. (30)

En Small Farms?-- Ek weet nie van Small Farms nie, want Small Farms is maar geleë in die nabyheid van Sebokeng. Of daardie inwoners ook saam met ons sou gegaan het of nie, dit weet ek nie.

Was julle besluit net gewees dat - laat ek dit net eers so kry. Was daar nie mense van Evaton en Small Farms op daardie vergadering nie? -- Ek weet nie maar die manier waarop ons baie daar was, as ek reg onthou, het iemand daarin toespraak gelewer en as ek reg is was die persoon van Evaton afkomstig. (10)

Het julle spesifiek so besluit dat hierdie mense wat moet wegbly is net die mense van Sebokeng? -- Ja, dit was ons besluit gewees.

Sal jy saamstem dat in Sebokeng is daar 'n groot aantal mense wat daar woon in al die gebiede? -- Ja, hulle is baie.

Geweldig baie meer as wat op daardie vergadering was? -- Waar?

Daar op die 26ste se vergadering in die Small Farms kerk? -- Ja, hulle was baie.

Nee, ek sê die mense wat oorbly wat in Sebokeng woon (20) is geweldig baie meer as die klompie wat net daardie dag in daardie vergadering was? -- Ja, dit was net mense in 'n saal gewees daar. Hulle was minder as die getal mense wat inwoners is van Sebokeng.

Hoe sal julle nou verhoed dat mense wat nie na die vergadering toe gekom het nie wegbly van die werk af op 3 September? -- Nee, maar hierdie vergadering was nie verpligtend nie. Dit was net vir die persone bedoel wat bekommerd is oor hierdie R5,90.

Op die vergadering, was daar jong mense gewees, (30)

jeugdiges/...

jeugdige? -- Ja, daar was.

Was daar besluit ook dat die kinders of die skoliere, die skoolgaande jeug, nie skool toe sou gaan daardie dag nie? -- Nee, glad nie. Niks was gesê van die skoliere nie.

Niks? Absoluut niks? -- Ek het geen spreker gehoor wat melding gemaak het van 'n skool nie.

Ek wil hê jy moet 'n bietjie kyk na BEWYSSTUK AN15 nommer 2. Dit is 'n pamflet wat uitgegee is nadat hierdie resolusies aanvaar was in die woongebiede en hier word dit genoem dat dit is resolusies van "Resolutions of residents (10) children, parents and workers Vaal Triangle." Daar in die middel daarvan sê hulle "No children or worker must go to school or work on Monday, 3 September 1984." Volstaan jy nou nog met jou vorige antwoord en sê dat kinders nie betrokke was nie? -- Ek kan nie van 'n persoon onthou, dit wil sê van die sprekers wat so gepraat het in sy toespraak in hierdie vergadering nie. Soos ek alreeds gesê het, die gebeure het lank voor vandag plaasgevind.

HOF : Kan u onthou dat daar 'n resolusie was dat die kinders nie skool toe sou gaan nie? -- Ek sê ek het nie gehoor dat (20) daar so 'n resolusie was nie.

MNR. JACOBS : Kan jy nie onthou dit is belangrik om ook die kinders te betrek, die jong mense te betrek in die optog nie? -- Ek kan nie onthou nie, want die kinders werk nie en hierdie vergadering wou ou mense gehad het wat werk, wat bekommerd was oor die huurgeld.

Is dit nie so - laat ek dit so stel. Ken jy die organisasie COSAS? -- Ek hoor daarvan in die lokasie.

Is dit 'n organisasie van die jong mense wat in die hoërskole is? -- Ek hoor dat dit so gesê word. (30)

En/...

En dat hierdie organisasie ook deelneem aan die plaaslike politiek daar in die Vaal? Of eintlik deelgeneem het? -- Deelgeneem het waar?

Aan die plaaslike politiek daarso in die Vaal? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan jy onthou of h organisasie Vaal Youth Congress daar aktief was in daardie woongebied, die Vaaldriehoek? -- Wat is dit nou? Kan dit aan my vertolk word in Sotho sodat ek weet wat dit is?

Ek weet nou nie wat jou moeilikheid nou is nie. Dit (10) is h organisasie se naam, Vaal Youth Congress? -- Ja, dit hoor ek, maar al wat ek in belang stel is nou wat doen daardie organisasie.

Ken jy die organisasie? Dit was h eenvoudige vraag. Het jy geweet dit is aktief in die Vaal? -- My probleem is dat u dit in Afrikaans noem en dalk ken ek of weet ek van hierdie organisasie as h mens dit op h ander naam noem. Miskien as ek gesê kan word wat die eintlike doel van hierdie organisasie was, wat doen hulle.

Dit is h jeugorganisasie in die Vaal, waar mense aan(20) behoort wat uit die skool is en nie meer aan COSAS kan behoort nie? -- Nee, ek weet nie van die bestaan van hierdie organisasie nie.

Kan jy vir ons sê, was daar nie plakkate in daardie saal opgebring van COSAS en VCA nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Die insident toe hierdie man opgestaan het daar wat nie toegelaat was om te praat nie, jy sê vir die hof hy het absoluut niks gesê nie? -- Eers op h latere stadium na die ander gepraat het, het hierdie persoon gepraat. (30)

Ek/...

Ek praat van op hierdie geleentheid toe hy gestop was?
-- Na hulle hom gestop het, het hy gaan sit. Hy het nie
meer gepraat nie.

Het hy gepraat voordat hy gestop was? -- Dit is voor
hy n woord gebesig het. Dit is toe hy net begin het.

Is jy seker daarvan? -- Ja, ek is seker daarvan.

Dit is nie iets wat net by jou vaag is nie? Jy is baie
duidelik seker daarvan? -- Ek onthou dit, want die persoon
het vir die tweede keer weer gaan staan.

Jy sien, hoekom ek dit aan jou stel is, dat die ver-(10)
dediging het dit hier aan ander staatsgetuies gestel dat
daardie man het eers opgestaan en hy het gesê hy is n inwoner
van gebied 7? -- Wie dit ook al getuig het, dit is daardie
persoon se getuienis. My getuienis is dat die persoon het
nie eers begin praat nie, toe hy in die rede geval was en
toe het hy nie gepraat nie. Hy het eers gepraat toe hy die
tweede keer opgestaan het.

En verder is dit gestel aan die getuie deur die verdedi-
ging "Did you say I fully agree with the previous speakers
in condemning the new rental increase of R5,90"? En verder (20)
"And I put it to you that those are your words and that you
then said I also want to say something about the councillors."
Sal jy saamstem dit is n hele klomp wat blykbaar deur die
verdediging beweer word wat hierdie man gesê het daarso
voordat hy gestop is? -- Wat hier aan my gestel word dra ek
nie kennis van nie. Wat ek sê is dat die persoon gestop was
voor hy gepraat het volgens my. Eers toe hy die tweede keer
opgestaan het, het hy iets te sê gehad.

In elk geval, jy het nie hierdie inligting oorgedra aan
die verdediging in jou verklaring nie, nê? -- Soos wat? (30)

Hierdie/...

Hierdie inligting wat ek nou vir jou uitgelees het wat die verdediging gestel het aan h staatsgetuie? -- Die persoon het eers gepraat en hy was gestop en toe het hy die tweede keer gepraat.

Ek verstaan nou nie. Jy sê die persoon het eers gepraat, is toe gestop en het toe later h tweede keer gepraat? -- Daarby bedoel ek dat die persoon opgestaan het met die oog daarop om iets te sê, maar voor hy iets gesê het, was hy gestop. Dus het hy niks gesê nie en hy het toe gaan sit. Op h latere stadium het hy weer opgestaan. Dit is toe hy(10) nou die tweede keer opgestaan het dat hy iets gesê het.

HOF : Ons het nou ongeveer h kwartier bestee aan hierdie onderwerp wat in die hoofgetuienis al klinkklaar duidelik was en wat deurgaans duidelik was dat sy verskil van die ander getuies. Was dit nodig?

MNR. JACOBS : Ek dink net ek moet hierdie getuie se geloofwaardigheid ook op die spel plaas om te kan argumenteer later aan.

HOF : U kan vir haar vra of sy seker is of dit wat sy in haar hoofgetuienis gesê het korrek is, naamlik dat hy opge-(20) staan het om te praat maar nie h woord uitgekry het nie, voordat hy gestop is. Punt.

MNR. JACOBS : Waar het hierdie vrou gestaan toe sy hom in die rede geval het? -- Ek kan nie meer onthou waar die vroumens gestaan het toe sy hom gestop het nie. Wat ek wel kan onthou is dat dit wel h vroumens was wat hom gestop het.

Jy kan ook nie presies onthou wat hierdie vroumens alles gesê het nie? -- Ek kan so h bietjie onthou van wat sy gesê het, al sal ek nie in staat wees om alles te kan herhaal nie.

(30)

Wat/...

Wat onthou jy? -- Die vroumens het aan die man gesê dat hy nou duidelik hier moet maak en sê wat sy standpunt is, want hy het gaan staan daar as 'n kandidaat vir die verkiesings op die raad. Skielik vandag is hy hier. Hy moet eers sy standpunt verklaar.

Was die vergadering op daardie stadium - die mense op die vergadering kwaad vir raadslede? -- Ja, ons was kwaad.

Jy ook? -- Ja, ek was ook kwaad.

K1069

Jy is dan self 'n persoon wat vir raadslede mense gewerf het? -- Ja, dit is reg. Ek het dit gedoen omdat hy mooi met(10) my gepraat het en gesê het alles wat hy vir ons gaan doen.

Toe die mense nou so kwaad is en jy ook kwaad is, toe het hulle opgespring en geskreeu? -- Nee, ons het nie opgespring nie.

Het nie een in die saal opgespring nie? -- Ons het op ons voete gestaan en gesing. Ons het nie opgespring nie.

Opgespring toe hierdie persoon - toe gesê was hy was 'n raadslid en hy kan nie praat nie, hy moet eers sy standpunt stel, toe die mense kwaad was? -- Nee, dit is nie so nie. Toe ons opgestaan het om te sing, het ons net gesing.(20) Dit was nie bedoel vir hierdie persoon nie.

HOF : Maar julle was nie op julle voete met hierdie insident nie? -- Ons het daar gesit, ons het net hande opgesteek en aangedui dat ons wil praat en van die mense, dit is die gehoor, het gesê dat die persoon moet toegelaat word om te praat en daar was van die gehoor wat gesê het nee, hy moet nie toegelaat word nie.

Daardie mense wat so gepraat het, het hulle nie op hulle voete gekom en gesê hy moet stilbly nie? -- Nee.

MNR. JACOBS : Net om heeltemal duidelikheid te kry, die (30) singery/...

singery wat jy nou van praat, wanneer was dit gewees, toe julle gestaan en sing het? -- Nee, daar is liedere wat ons gesing het en terwyl ons gesing het, het ons gaan staan. As ons klaar gesing het, sit ons. Dan sing ons weer n ander lied en dan staan ons weer op. Nadat ons klaar gesing het, dan sit ons.

Is dit reg deur die verloop van die vergadering wat julle kort-kort liedere gesing het? -- Ja, daar was liedere wat ons gesing het en weer gaan sit het.

Is dit wat hulle noem vryheidsliedere, hierdie oor (10) Mandela? -- Ja, ek het hierdie een van Mandela ook gehoor.

En die van "Soldiers in the bushes"? -- Daardie een het ek nie gehoor nie.

En van Tambo wat in die "bushes - training soldiers "? -- Ek het nie daardie een gehoor nie.

Watter ander het julle nog gesing? -- Somlandela o Mandela. Die ander een is Hlanganani Basebenzi. Die derde een is Senzeni na. Nkosi Sikilele e Afrika. Dit is al wat ek kan onthou.

Toe hierdie mense nou kwaad was en hierdie man - party(20) skreeu hy moet toegelaat word om te praat, ander sê nee, hy moenie toegelaat word nie, kon jy nie hoor wat almal gesê het nie? -- Bedoel u dat ek nie alles kon hoor wat gesê was deur die mense wat hom stop nie?

En wat sê hy moet praat, want daar was n hele deurmekaarspul? -- Nee, dit was nie n deurmekaarspul gewees nie. Daar was net twee dinge. Daar was van die mense wat gesê het dat hy toegelaat word om te praat en van die mense was nie ten gunste daarvan dat hy toegelaat moet word om te praat nie.

(30)

Was daar enige vraag op daardie vergadering gevra wat gaan gebeur met mense wat hulle huur gaan betaal, verhoogde huur gaan betaal, hoewel die vergadering besluit het hulle gaan dit nie betaal nie? -- Daar was nie 'n resoluëie geneem oor daardie tipe persone nie.

Ek vra vir jou was daar so 'n vraag? Hoekom luister jy nie na my vraag nie? -- Ek het nie so 'n vraag gehoor nie.

En was daar 'n vraag gevra wat sal gebeur met mense wat uitsluit uit die woonbuurte om te gaan werk terwyl die gemeenskap nou besluit het hulle moenie gaan werk nie? -- (10) Niks was gesê nie, want eintlik hierdie gebeure van die 3de, dit is die optog en die wegbly-aksie was eintlik nie verpligtend nie.

So, was daar nie so 'n vraag gewees wat sal gebeur nie? --Nee, daar was nie.

Ek wil dit aan jou stel daar was vrae gewees tot die effek wat sal gebeur en daar was gesê dat sulke mense sal beseer word en aangerand word?

ASSESSOR (MNR . KRUGEL) : Is daar 'n bewysplek? -- Ek het dit ongelukkig nie by my nou nie. (20)

HOF : Wie se getuënis is dit?

MNR. JACOBS : Ek sal dit vir die hof kry vanmiddag. Ek sal die vraag vir 'n oomblik terugtrek, dan kan ek dit lateraan kry. Op watter stadium het die mense met die banier in daardie saal ingekom? -- Ons was besig met die verkiesings, dit wil sê die vergadering was besig met die verkiesings. Net voor die einde van die vergadering.

Was die verkiesings alreeds aan die gang gewees toe hulle daar gekom het? -- Ja, as ek reg onthou.

Toe die mense daar gekom het, het hulle gesing toe (30)

hulle/...

hulle daar gekom het? -- Toe hulle die saal, die vergaderplek binne gekom het, as ek reg onthou was hulle stil gewees, maar toe hulle die ingang genader het, as ek reg is, het hulle gesing.

Die persoon wat jy die dag gesien het van 3 September wat die mense daar toegesprek het, was hy daar tussen daardie mense wat daar met die banier opgedaag het? -- Watter vergadering? Van die 3de?

Van die 26ste?

HOF : Die vraag is, die persoon wat op 3 September gepraat (10) het later, was dit een van die persone wat met daardie banier die saal binnegekom het? -- Nee.

MNR. JACOBS : Hy was glad nie tussen daardie groep wat daar met die banier gekom het nie? -- Ek sê hy was nie daar nie.

Jy sê in jou getuienis-in-hoof dat hy was die persoon wat in beheer was van die verkiesing? -- Ja, hy is die persoon.

Van die begin van die verkiesing af het hy beheer daar oorgeneem? -- Ja.

En jou getuienis is dat toe die mense daar aangekom het met die banier, was hy 'n hele ruk besig met die ver- (20) kiesing? -- Ja.

Waar was hy voordat hy oorgeneem het om die verkiesing te doen? -- Ek het hom net gesien daar op staan. Of hy die hele tyd daar was en iewers gesit het of iewers daar teenwoordig was, voor hy oorgeneem het, kan ek nie sê nie.

Wie het gesê hy moet die verkiesing behartig? -- Ek neem aan dit was die voorsitter, want die voorsitter is die persoon wat die vergadering daar geopen het.

Het die voorsitter nie daar gesê dat mnr. so en so van VCA wat die voorsitter is van VCA sal nou die verkiesing (30)

behartig/...

behartig nie? -- Soos ek alreeds gesê het, dit is lank voor vandag dat hierdie voorval plaasgevind het. Dit kan wees dat hy so gesê het dat ek nie meer kan onthou nie, maar wat ek wel onthou is dat ek het hom net gesien daar die posisie neem.

Voordat hy voortgegaan het met die verkiesing, het hy enigiets gesê van ander vergaderings en resolusies van ander vergaderings? -- Wat ek onthou is dat hy net begin het met hierdie taak van hom. Ek het hom nie gehoor praat van resolusies by ander vergaderings nie. (10)

Ek wil dit aan u stel dat op die stadium toe die mense - net toe daardie mense met die vlag of die banier daar aangekom het, op daardie stadium het daardie man wat voorheen gestop was om te praat uitgegaan omdat die vrou wat vroeër gepraat het ook op daardie stadium uitgegaan het en hy het haar gevolg? -- Dit kan wees dat hy op 'n stadium uitgegaan het, dit sal ek nie betwis nie, maar wat ek vir die hof hier sê is dat na hy gestop was, toe hy die eerste wou gepraat het, het hy op 'n later stadium weer opgestaan en toe gepraat.

Is daar 'n moontlikheid dat hy gepraat het vir die tweede (20) keer voordat daardie mense met die banier gekom het? -- As ek reg onthou, die mense met die banier het die vergadering daar binnegekome. Dit was amper na die einde van die vergadering. Met ander woorde, ek sal reg wees deur te sê dat die persoon alreeds gepraat het na hy die tweede keer opgestaan het toe die mense met die banier ingekom het.

En ek wil dit aan jou stel dat die persoon het nie probeer om 'n tweede keer te praat nie? -- Ek sê hy het 'n tweede keer gepraat, want ek kan tot vir u sê wat sy woorde was wat hy gebesig het. (30)

Wat/...

Wat het van daardie banier geword toe die mense by die saal arriveer daarmee? -- Hulle het met die banier daar gestaan vir h rukkie. Op h latere stadium het hulle dit toegevou en gaan sit.

Waar het hulle gestaan met die banier? By die deur of waar? -- Op die verhoog.

Was dit mans of vrouens wat hom vasgehou het? -- Mans- persone het hierdie banier gedra in die geselskap van h vroumens.

En toe hulle die banier daar voor op die verhoog (10) gehou het, het hulle hom oop gehou so na julle kant toe? Het julle gekyk daarna? -- Ja.

En jy het dus genoeg tyd gehad om hom wel behoorlik te sien en om te lees wat daar staan? -- Omdat ek nie so baie geleerd is nie. Terwyl ek nog probeer om te lees, die letters een vir een om bymekaar te maak om h woord uit te maak, voor ek dit klaar gedoen het, het hulle dit toe gehou en gaan sit.

Jy sê daar was h wapen op die banier gewees? -- Ja.

U Edele, ek het h foto van die UDF wapen wat ek aan die getuie wil toon. Kyk na BEWYSSTUK CA9. Daar staan h wapen. (20) -- As ek daardie dag by die vergadering gewees het dat dit van my verwag sal word om weer daardie wapen te identifiseer, sou ek goed daarna gekyk het, maar ongelukkig het ek nie so goed gekyk dat ek nou kan sê of dit die wapen was wat ek gesien het nie.

Jy kan nie sê nie. Het hierdie man wat verbied was om te praat en toe die tweede keer gepraat het, voordat hy gepraat het, totaal die raadslede en die raadstelsel verdoem? -- Nee, hy het niks oor die raadslede gesê nie. Hy het net gepraat oor wat kan gebeur tydens ons optog na Houtkop (30)

toe/...

toe.

MR BIZOS : My Lord, may I mention that on page 638 and 639 Masenya conceded that he did ask the question, volume 13, although he tried later to resign from what he said. On the second occasion, that it was he who asked the question what would happen to people if they were on the march.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 21 JANUARIE 1988.

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AK2117-I2-27-327

Document Title:- Vol 327 p 18678-18734. Witness: Nyembe